

# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 4/2023
2 Maart 2023

☏ 012 661 2341 🖷 012 661 2340
college@midstreamcollege.co.za

# SKOOLSAKE

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die nuwe Olimpiese leuse *Citius, Altius, Fortius – Communiter* (Vinniger, Hoër, Sterker – Saam) was verlede Vydag vir seker op ons interhoëratletiekspan van toepassing. Tydens ons vorige A-bondinterhoër in 2020 het ons 21 medaljes, waarvan 3 goud was, verower. Vrydag het ons 28 medaljes gewen, waarvan 6 goud was. Aan elke atleet, afrigter en ondersteuner wat daartoe bygedra het dat ons vinniger, hoër en sterker op die baan en op die veld was - julle het ons trots gemaak!

Ek hoop die langnaweek en boereworsrol Dinsdag het elke leerder en onderwyser se batterye na die aandskool en interhoëratletiek herlaai. Die wintersport is reeds in volle swang en ons wintersportprogram begin reeds volgende Saterdag by Northcliff High School. Sterkte aan almal met die proewe, spankeuses en oefeninge. Carpe Diem!

Die akademie word uit die aard van die saak vanaf dag 1 al op A-bondvlak bedryf. Ek herinner leerders aan die ekstra klasse op Maandae en dat alle onderwysers ook Maandae na skool per afspraak beskikbaar is. Indien u kind met 'n sekere vak sukkel, is u welkom om die vakonderwyser vir raad te kontak. Maak gerus ook gebruik van die ekstra klasse en/of spreekure. Die eerste rapport sal 26 April elektronies beskikbaar wees.

> There is a crack in everything, that's how the light gets in.
>
> Leonard Cohen

Dit is moeilik om te glo dat dit reeds Maart is. Einstein het beslis 'n punt beetgehad – tyd vlieg definitief. Indien u kind emosioneel stoei, wil ons u uitnooi om die graadvoog te kontak en/of moedig hom/haar aan om met 'n onderwyser, met wie hy/sy 'n goeie verhouding het, te gesels. Laat die lig in! Kom ons almal strewe daarna om kinders van die lig te wees en mekaar te ondersteun wanneer ons onsself in die donker bevind.

> Laat daar lig wees.
>
> Gen. 1:1 (Die Bybel: 83-vertaling)

# SPORT

## ATLETIEK

Vrydag 24 Februarie was 'n snikhete dag in Pretoria toe sowat 650 Midstreamondersteuners ons atlete by Pilditchstadion tydens die interhoër aangemoedig het. Die Pretoria A-bond is

sekerlik dié grootste atletiekverhoog vir skole in die land. Ons atletiekspan het daarin geslaag om algeheel 6de te eindig. Hierdie "klein privaat skool" het dus daarin geslaag om weer in 2024 deel van hierdie uitgelese geselskap te vorm. Ons is besonder trots op elke leerder wat 'n aandeel in hierdie stukkie Midstream-geskiedenis gehad het.

**Die volledige spanuitslag was:**

| Meisies | Seuns | Totaal |
|---|---|---|
| 7de | 6de | 6de |

Medaljes gewen: 6 goud, 8 silwer en 14 brons.

**Medaljewenners:**

| Atleet | Afdeling | Item | Medalje |
|---|---|---|---|
| Trent Sewpaul | Seuns 14 | 100 m | Brons |
| Ethan Mahlangu | Seuns 14 | 200 m | Brons |
| Rupert Groenewald | Seuns 14 | 1500 m | Brons |
| Omogolo Mauoane | Seuns 14 | 100 m-hekkies | Brons |
| Amy Nel | Meisies 14 | Diskus | Brons |
| CA Froneman | Seuns 16 | 400 m-hekkies | Silwer |
| Owen Delport | Seuns 16 | 400 m | Brons |
| Sandile Modise | Seuns 16 | 100 m<br>200 m | Goud<br>Goud |
| Chad Dlamini, CA Froneman, Owen Delport & Sandile Modise | Seuns 16 | Aflos | Brons |
| Xavier van der Leek | Seuns 17 | 800 m<br>1500 m<br>3000 m | Silwer<br>Silwer<br>Brons |
| Juan Breytenbach | Seuns 17 | 1500 m | Brons |
| Luca Jankovic | Seuns 17 | Verspring<br>Hoogspring | Goud<br>Brons |
| Thabang Rammabi | Seuns 17 | Verspring<br>Driesprong | Silwer<br>Brons |
| Ashley Williams | Meisies 19 | 100 m<br>400 m | Brons<br>Brons |
| Hilton Thomas | Seuns 19 | 100 m<br>200 m<br>400 m | Goud<br>Silwer<br>Goud |
| Eben de Wit | Seuns 19 | 800 m<br>1500 m | Silwer<br>Brons |
| Justin Hattingh | Seuns 19 | 110 m-hekkies<br>400 m-hekkies | Silwer<br>Goud |
| Hilton Thomas, Justin Hattingh, Kobus Alberts & Nicolaas Vlok | Seuns 19 | Aflos | Silwer |

**Individuele uitslae (ASA-punte 800+):**

| Atleet | Afdeling | Item | ASA-punt |
|---|---|---|---|
| Ashley Williams | Meisies 19 | 200 m<br>400 m<br>100 m | 876<br>839<br>830 |
| Hilton Thomas | Seuns 19 | 400 m<br>200 m<br>100 m | 868<br>835<br>806 |
| Xavier van der Leek | Seuns 17 | 1500 m<br>3000 m | 863<br>845 |
| Luca Jankovic | Seuns 17 | Verspring | 860 |
| Justin Hattingh | Seuns 19 | 400 m-hekkies<br>110 m-hekkies | 850<br>842 |
| Hilton Thomas, Justin Hattingh, Kobus Alberts & Nicolaas Vlok | Seuns 19 | Aflos | 848 |
| Juan Breytenbach | Seuns 17 | 3000 m<br>1500 m | 838<br>831 |
| Aphelele Mbatsha | Meisies 14 | 200 m<br>100 m | 837<br>816 |
| Eben de Wit | Seuns 19 | 1500 m | 836 |
| Thabang Rammabi | Seuns 17 | Verspring | 834 |
| Anushke Niemand | Meisies 19 | 400 m-hekkies | 827 |
| Cristi van der Walt | Meisies 16 | 400 m-hekkies<br>100 m-hekkies | 824<br>821 |
| Anika le Roux | Meisies 17 | 100 m-hekkies<br>400 m-hekkies<br>200 m | 818<br>816<br>812 |
| CA Froneman | Seuns 16 | 110 m-hekkies | 814 |
| Sandile Modise | Seuns 16 | 200 m<br>100 m | 812<br>806 |
| Thabang Rammabi, Jacques Vlok, Luca Jankovic & Thavha Nemukula | Seuns 17 | Aflos | 811 |
| Zabine von Westernhagen | Meisies 17 | 3000 m | 810 |
| Chad Dlamini, CA Froneman, Owen Delport & Sandile Modise | Seuns 16 | Aflos | 805 |

## SWEM

Midstream verower 38 medaljes (14 goud, 11 silwer, 13 brons) tydens die A-bondinterhoër en verbeter vyf rekords. Adrian van Wyk was die Junior Victor Ludorum en Lance Cromhout die Senior Victor Ludorum. Knap gedaan aan al ons swemmers wat met die louere as die tweede beste swemskool in Gauteng-Noord weggestap het!

**Medaljewenners by die interhoër:**

| Swemmer | Afdeling | Item | Medalje |
|---|---|---|---|
| Abigail Roberts | Meisies 14 | 50 m-rugslag<br>50 m-vlinderslag | Brons<br>Goud |
| Lyla van der Spuy | Meisies 14 | 100 m-vryslag<br>50 m-rugslag | Goud<br>Goud |
| Rouxné du Plessis, Abigail Roberts, Lyla van der Spuy & Annabell Sirrals | Meisies 14 | Vryslagaflos | Goud |
| Juan Pretorius | Seuns 14 | 50 m-rugslag | Brons |
| Rupert Groenewald | Seuns 14 | 50 m-vlinderslag | Brons |
| Nicholas Cownie, Juan Pretorius, Rupert Groenewald & Ivan Kymdell | Seuns 14 | Wisselslagaflos | Brons |
| Alika van der Merwe | Meisies 15 | Individuele wisselslag<br>50 m-borsslag | Brons<br>Brons |
| Grace Powell | Meisies 15 | 100 m-vryslag<br>50 m-vlinderslag<br>200 m-vryslag | Brons<br>Silwer<br>Goud |
| Jana Swiegers | Meisies 15 | 50 m-rugslag<br>100 m-rugslag | Goud<br>Goud (Rekord) |
| Jana Swiegers, Alika van der Merwe, Grace Powell & Lindi Claassen | Meisies 15 | Wisselslagaflos<br>Vryslagaflos | Goud<br>Goud |
| Caleb Ingram | Seuns 15 | 50 m-borsslag | Brons |
| Paul Loubser | Seuns 15 | 50 m-vlinderslag | Silwer |
| Adrian van Wyk | Seuns 15 | 200 m-vryslag<br>100 m-rugslag<br>50 m-rugslag | Goud (Rekord)<br>Goud (Rekord)<br>Goud (Rekord) |
| Adrian van Wyk, Caleb Ingram, Paul Loubser & Dawid Ford | Seuns 15 | Wisselslagaflos | Goud |
| Xander du Toit | Seuns 16 | Individuele wisselslag<br>100 m-vlinderslag | Brons<br>Silwer |
| Lance Cromhout | Seuns 16 | 200 m-vryslag<br>100 m-vryslag<br>100 m-rugslag | Silwer<br>Goud<br>Goud (Rekord) |
| Xander du Toit, Lance Cromhout, Ruben Pöhl & Ethan Koen | Seuns 16 | Wisselslagaflos<br>Vryslagaflos | Silwer<br>Brons |
| Jemma van Wyk | Meisies 17 | 200 m-vryslag<br>100 m-rugslag<br>100 m-vryslag | Brons<br>Brons<br>Silwer |
| Demi Jacobs | Meisies 17 | 100 m-borsslag | Brons |
| Jemma van Wyk, Demi Jacobs, Lea Manikas & Lemé Lubbe | Meisies 17 | Wisselslagaflos<br>Vryslagaflos | Brons<br>Brons |
| Michael Kleynhans | Seuns 19 | 100 m-vryslag<br>100 m-rugslag | Brons<br>Silwer |

## TENNIS

**Onlangse meisiesuitslae:**

| Span | Opponente | Uitslag |
|---|---|---|
| o. 19A | Hartbeespoort A | Wen 61 - 6 |
| o. 19A | PHSG A | Wen 41 - 26 |
| o. 19A | Curro Woodhill | Wen 63 - 4 |
| o. 19B | Zwartkop C | Wen 45 - 22 |
| o. 19B | AHMP E | Verloor 32 - 36 |
| o. 19C | PHSG C | Verloor 26 - 41 |
| o. 19C | Rietondale A | Wen 63 - 4 |

## WINTERSPORT

Die proewe en oefeninge is voluit aan die gang en ons sien uit na die eerste derbies van die seisoen.

| Datum | Opponente | Tuis / Weg |
|---|---|---|
| 10 & 11 Maart | Northcliff | Weg |
| 14 & 15 Maart | Cornwall Hill | Tuis |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: SPORT

### DRIEKAMP

Robért Ford (graad 11) het die provinsie onlangs suksesvol in Bloemfontein verteenwoordig deur aan die SA en Afrika Juniorbeker deel te neem. In die Afrika-afdeling het hy 'n 11$^{de}$ plek in die 16 tot 19 jaar ouderdomsgroep behaal en 10$^{de}$ van al die SA atlete geëindig. Welgedaan!

### GHOLF

Ruben-hein Churr (graad 9) het aan die US Kids Gauteng Junior Kampioenskap by Serengeti deelgeneem. Hy het sy ouderdomsgroep (13 - 14 jaar) gewen. Baie geluk!

### SWEM

Nicholas Cownie (graad 8) het op 10 én 11 Februarie die Midmar Myl onder 28 minute geswem. Geluk Nicholas!

**KOM ONS KOMMUNIKEER:**
Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

**VOLGENDE OMSENDBRIEF**
Donderdag 16 Maart 2023

# OPEDAG

# OPEN DAY

MIDSTREAM COLLEGE

EXCELLENTIA

**Gr. 1-12**

**March 8 Maart**

**16:00**